Die Aankondiger

24 Januarie 2021

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Prediker: *Ds. Gideon Du Toit*

Bly volhard en jy sal wen

Jesaja 50:7 NLV

Iemand het een keer vir die kampioenvegter, James Corbett, gevra: 'Wat is die belangrikste ding wat 'n man moet doen om 'n kampioen te word?' Hy het geantwoord: 'Veg nog 'n rondte.' Suksesvolle mense het verskillende talente, maar hulle het almal dieselfde kwaliteite: volharding, hardnekkigheid en taaiheid.

Thomas Grey het vyf-en-sewentig manuskripte geskryf voordat hy tevrede was met Elegy Written in a Country Churchyard, sy poëtiese meesterstuk. S.N. Behrman, die Amerikaanse dramaturg, het vir elf jaar lank toneelstukke geskryf voor hy 'n enkele een verkoop het. Somerset Maugham het net vyfhonderd dollar in sy eerste tien jaar as skrywer verdien. Terwyl hy voltyds in 'n fabriek gewerk het, het Enrico Caruso vir twaalf jaar sanglesse geneem voordat hy 'n tenoor geword het. George Gershwin het amper eenhonderd melodieë gekomponeer voor hy sy eerste een vir vyf dollar verkoop het.

Daar is 'n belangrike les uit elkeen van hierdie verhale te leer: As jou droom nie onmiddellik plaasvind nie, moenie moedeloos word nie. Hou aan om aan jou droom te werk en ontwikkel jou talent. Studeer en leer. Groei deur ervaring. Hou aan werk. Oorwinning word aan die man of vrou gegee wat 'nog 'n rondte veg.' Wanneer jy tou opgooi, kan God niks meer vir jou doen nie. Wanneer jy egter volhard, sal Hy jou help. Let op wat sy Woord sê: 'Omdat die oppermagtige Here my help, sal ek nie in die skande kom nie. Ek het my gesig hard soos vuurklip gemaak. Ek weet ek sal nie in die verleentheid kom nie.' Wanneer beloof God om jou te help? Wanneer jy jou gesig so hard soos vuurklip maak.

VERJAARSDAE : 24 - 30 Januarie

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Boshoff	Sus	01/24	012 6441700	0729546024
Burger	Hetta	01/24	012 664 8203	
Erasmus	Simeon	01/24	012 664 4490	0837808248
Bothma	Werner	01/25	012 664 4324	
Bouwer	Juan	01/25		0834521625
Dreyer	Chris	01/25	012 664 6554	0825570627
Engelbrecht	Faan	01/25	012 664 2674	0833746997
Roux	Jo	01/26		0824645788
Bezuidenhout	Cecilia	01/27	012 664 3167	
Hanekom	Anne-Marie	01/27		0824302915
Van Wyk	Catharina	01/27	012 6442670	0722898657
Heyns	Magdaleen	01/28	0126442822	0828873504
Van der Wat	Madel	01/28	012 6648174	0827870616
Erasmus	Retha	01/29	012 664 4490	0716718887
Joubert	Connor	01/29		
Bothma	Gert	01/30	012 664 4324	0827770123
Engelbrecht	Coenrad	01/30	043 740 2014	0834197841
Geldenhuys	Hester	01/30		0742258743
Langenhoven	Helena	01/30	012 664 1935	0846570171
Van Der Colff	Johan	01/30	083 276 4462	0832764462
Van Der Walt	Alida	01/30	084 431 2144	

Lief en Leed

- *Bid asb vir Annemarie Barkhuizen wat volgende week 'n heupoperasie gaan ondergaan.*
- *Dink steeds aan Jansie Kilian in u gebede.*
- *Margaret Du Toit is ook baie beter en ons dank die Here vir haar herstel.*
- *Linda Van Vuuren het ook Covid maar is al baoe beter en op die herstelpad.*

KENNISGEWINGBORD

NAG-APIE DAGSKOOL

MOEDELOOS? SKOLE GESLUIT? OUERS MOET WERK?

Helene Pretorius, oud onderwyseres/dosent, sal jou kinders in jou eie tuin/huis, KREATIEF kom besig hou.

LYTTELTON / CENTURION OMGEWING

WA 079 875 2363 of helene.pretorius@gmail.com